

# 18

## DIE DRIE-EENHEID

### *Goddelike Drie-eenheid*

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat God Homself aan ons openbaar as die drie-enige God.

#### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet wat God as Vader, Seun en Heilige Gees beteken en hoe hierdie drie een God is.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees oor –

- die Vader hulle versorg.
- die Seun hulle verlos.
- die Heilige Gees hulle lei en vertroos.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om die Drie-eenheid van God aan iemand te verduidelik.

#### **MEER INLIGTING**

Alle mense het nie dieselfde idee van God nie. 'n Mens se beeld van God word gevorm deur jou ouers, breër familie, onderwysers en die kerk – almal interpreteer wat in die Bybel staan oor God. Saam met die kerk bely ons dat ons glo in EEN God. Tog praat ons van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Is dit nou drie verskillende gode? Hoe kan een plus een plus een dan steeds een bly? Nee, ons kan nie met ons verstand gaan bepaal wie God is nie. Ons maak nie 'n optelsom van God nie. Ons luister net wat die Bybel oor God sê. As ons met ons verstand wil uitredeneer wie God is of hoe Hy God behoort te wees, maak ons Hom ondergeskik aan ons verstand. Dan is Hy nie meer die hoogverhewe God wat anders is as alles wat ons op aarde ken nie.

Die Bybel sê daar is net een God. Tog sê die Bybel die Vader is God, die Seun is God en die

Heilige Gees is God. Daarmee word nie verstaan dat daar drie gode is nie, maar die Een Goddelike Wese herhaal Homself in die Vader en in die Seun en in die Heilige Gees. Oral waar die Een werk, is die Ander ook teenwoordig. Die Een is die Skepper, die ander Een die Verlosser en die ander Een die Trooster. Al is die *Vader* die Skepper, was die Seun en die Heilige Gees ook teenwoordig. Al het die *Seun* aan die kruis gesterf, was die Vader en die Heilige Gees ook daar. Al het die *Heilige Gees* by ons kom woon, is die Vader en die Seun ook by ons. Al kan ons die *Drie-eenheid* nie volledig met 'n beeld verduidelik nie, want 'n beeld het altyd tekortkominge, kan ons sê die Drie-eenheid is dalk soos 'n driehoek. Daar is drie hoeke. Elke hoek is 'n hoek op sy eie, maar tog is dit net *een* driehoek.

Die woord *drie-eenheid* staan nie in die Bybel nie. Waar kom dit dan vandaan? Reeds eeue gelede het die kerk tydens die Konsilie van Nicea bely dat Jesus Christus God is. So ontstaan die bekende beskrywing van die Een God wat ons aanbid as: Een in Wese maar Drie Persone – die Drie-eenheid van God.

Uit watter dele van die Bybel maak ons hierdie afleiding? Daar is verskeie teksgedeeltes wat ons kan gebruik om iets te probeer verstaan van hierdie “geheimenis” of “misterie” van God.

- Johannes 1: 1-3 en 14.
- Johannes 14: 6-10.
- Handeling 5: 1-4.

Kom ons lees Johannes 1: 1-3 en 14. Hier vertel Johannes wie Jesus Christus is, waar Hy vandaan kom en dat sy koms na die aarde deel was van God se groot verlossingsplan vir die mens. Jesus word die *Woord* van die Here genoem. Daarna word daar vir ons 'n paar belangrike dinge oor hierdie *Woord* vertel.

- In vers 14 staan die *Woord* het mens geword – hierdie *Woord* is dus die Seun van God wat as 'n mens in Betlehem gebore is. Dit is Jesus, die seun van Josef en Maria. In vers 1 staan dat die *Woord* God is. Met ander woorde, Jesus is God, net soos die Vader God is.
- Die *Woord*, met ander woorde, die Seun van God, wat gebore is en die Naam Jesus gekry het, was van die begin af daar. Die Seun was reeds daar toe God, die Vader, alles gemaak het.

Ons lees ook Johannes 14: 6-10. In hierdie hoofstuk vertel Jesus vir sy dissipels dat as hulle Hom sien, dan sien hulle ook die Vader en ken hulle ook die Vader.

Uit Johannes 1 en Johannes 14 is dit duidelik: Jesus is God net soos die Vader.

Kom ons lees Handeling 5: 1-4. In vers 3 sê Petrus vir Ananias dat hy vir die Heilige Gees gelieg het. In vers 4 sê hy dat hy met ander woorde vir God gelieg het. Die Heilige Gees is dus ook God.

Uit Handeling 5 is dit duidelik: Die Heilige Gees is God net soos die Vader en die Seun.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Vra die predikant om indien moontlik die klas by te woon om hierdie moeilike saak aan die kinders te verduidelik.

## **KOM ONS BEGIN**

Ons open deur Gesang 454 te lees of te sing, en te bid.

*Vader, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.  
U wat heel die skepping onderhou,  
U gee son en reën, ons ontvang u seën.  
Heel die skepping wentel om u trou.*

*Jesus, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.  
Ons is u gemeente hier tesaam.  
Hoor ons as ons sing, U ons loflied bring.  
Ons, u vrygekooptes, prys u Naam.*

*Trooster, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.  
Heil'ge Gees, ons is met U gedoop.  
U wat rig en lei, staan ons altyd by.  
U versterk ons gee, U gee ons hoop. Amen.*

## **VANDAG LEER ONS**


### **BEGIN SO**

Ons het 'n hele aantal kerklike feesdae. Op Kersfees dink ons aan Jesus se geboorte, op Goeie Vrydag aan sy kruisiging, op Paassondag en elke ander Sondag aan sy opstanding, en op Hemelvaartdag aan sy hemelvaart. So het ons ook ander kerklike feesdae. Op Pinkstersondag herdenk ons die uitstorting van die Heilige Gees. Nog een daarvan is Drie-eenheidsondag. Hierdie dag word op die Sondag na Pinkstersondag gevier. Vra die kinders of hulle al van Drie-eenheidsondag gehoor het. Indien hulle het, vra hulle wat hulle dink die kerk op hierdie dag vier.

### **IETS INTERESSANT**

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en verduidelik aan die kinders die Drie-eenheid deur die teksgedeeltes te lees en toe te lig. Indien die predikant teenwoordig kan wees, laat hy of sy hierdie inligting aanvul.

Teken 'n sirkel op 'n A3- of A2-karton. Skryf die woordjie *God* in die middel en dan in die sirkel: *Vader, Seun* en *Heilige Gees*. Plak die karton iewers vas waar al die kinders dit kan sien. Met hierdie sirkel kan ons iets verstaan van *een Wese, maar drie Persone*. Wys hulle ook die driehoek in hul boeke wat hierdie saak verduidelik.



## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- Die Bybel sê daar is net een God.
- Saam met die kerk bely ons ook dat ons glo in EEN God.
- Tog praat ons van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Dit beteken nie daar is drie gode nie.
- Die Bybel sê die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God.
- Die Een Goddelike Wese herhaal Homself in die Vader en in die Seun en in die Heilige Gees.
- Oral waar die Een werk, is die ander ook teenwoordig.
- Die Een is die Skepper, die ander Een die Verlosser en die ander Een die Trooster.
- Al kan ons die *Drie-eenheid* nie regtig met 'n beeld vergelyk nie, kan ons sê dit is dalk soos 'n driehoek. Daar is drie hoeke. Elke hoek is 'n hoek op sy eie, maar tog is dit net een driehoek.
- Die woord *drie-eenheid* staan nie in die Bybel nie.
- Uit die volgende gedeeltes in die Bybel vorm ons die begrip *drie-eenheid*:
  - Johannes 1: 1-3 en 14. In vers 14 staan die *Woord* het *mens* geword – hierdie *Woord* is dus die Seun van God wat as 'n mens in Betlehem gebore is. Dit is Jesus, die seun van Josef en Maria. In vers 1 staan dat die *Woord* God is. Met ander woorde, Jesus is God, net soos die Vader God is. Die *Woord*, met ander woorde, die Seun van God, wat gebore is en die Naam Jesus gekry het, was van die begin af daar. Die Seun was reeds daar toe God, die Vader, alles gemaak het.
  - Johannes 14: 6-10. In hierdie hoofstuk vertel Jesus vir sy dissipels dat as hulle Hom sien, dan sien hulle ook die Vader en ken hulle ook die Vader.
  - Handeling 5: 1-4. In vers 3 sê Petrus vir Ananias dat hy vir die Heilige Gees gelieg het. In vers 4 sê hy dat hy met ander woorde vir God gelieg het. Die Heilige Gees is dus ook God.

Uit Johannes 1 en Johannes 14 is dit duidelik: Jesus is God net soos die Vader.  
Uit Handeling 5 is dit duidelik: Die Heilige Gees is God net soos die Vader en die Seun.

## IETS OM TE DOEN

- Verdeel die klas in twee groepe – indien moontlik, minstens een kind uit elke graad.
- Laat hulle in die groep saamwerk en kyk uit watter van die volgende tekste hulle kan aflei dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees aldrie God is: Genesis 1: 2; 1: 26; 2: 4-5; Psalm 120: 1-2; 2 Korintiërs 13: 13; Johannes 14: 20; 1 Johannes 2: 14 ; 4: 15; 5: 20.
- Laat elkeen hul groep se antwoord in sy of haar boek neerskryf. Hulle moet dit motiveer.
- Laat hulle weer in die groot groep bymekaar kom, hul antwoorde gee en korreksies aanbring waar nodig.

*(Genesis 2: 4-5 en Psalm 120: 1-2 verwys nie na die Drie-eenheid nie.)*

*(Genesis 1: 2 en 1: 26: Die “Gees” was teenwoordig by die skepping; daar word in die meervoud “Ons” verwys na God wat die mens geskep het. Vergelyk dit met Johannes 1: 1-3 hierbo, dan kan ons die afleiding maak dat die Seun en die Heilige Gees saam met die Vader “verantwoordelik” was vir die skepping.)*

*(2 Korintiërs 13: 13: God is die Een wat seën. Hier word die Vader en die Seun en die Heilige Gees in dieselfde asem genoem wanneer die gemeente geseën word.)*

*(Johannes 14: 20: Die dissipels sal weet dat die Seun [Jesus] in die Vader is.)*

*(1 Johannes 2: 14: Hier word weer gesê dat Jesus van die begin, met ander woorde, van die skepping af daar was [vergelyk weer met Johannes 1: 1-3 en 14].)*

*(1 Johannes 4: 15: Op baie ander plekke word Jesus ook die Seun van God genoem. As iemand iemand se seun is, beteken dit tog dat hy van dieselfde “wese” is. ’n Mens se seun is tog ’n mens en nie ’n dier nie. God se Seun moet dus ook God wees.)*

*(1 Johannes 5: 20: Die Seun, Jesus Christus, word hier die ware God genoem.)*

- Gee aan enkele kinders die geleentheid om te vertel hoe hulle gaan verduidelik dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees die drie-enige God is. *(Bogenoemde tekste en die feite by IETS BELANGRIK word daarvoor gebruik.)*

## BY DIE HUIS

### LEER

Laat hulle 2 Korintiërs 13: 13 gaan leer: *Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.*

### BAIE BELANGRIK:

Het jy Les 19 reeds deurgegaan? Indien jy jouself nie kundig genoeg ag om die les aan te bied vir seuns en meisies in dieselfde klas nie, het jy in samewerking met jul predikant ’n bevoegde en kundige persoon gereël om dit te kom doen? Voorsien hom of haar van die inhoud van Les 19.

### AFSLUITING

Sluit af met gebed.